

NUUS VAN DIE SUSTERS

Sustersvergadering: Woensdag, 6 Maart 2013 om 18:30 in die kerksaal. Alle susters is baie welkom.

Bestuursvergadering: Sondag, 3 Maart 2013 om 17:30

DATUM(Woensdag)	Maand - BESTUURLID AAN DIENS	WYKE
6 Maart 2013	Santie v d Westhuizen	6 & 20
10 April 2013	Bets de Lang	7 & 21



BOEKENUUS

'n Jaar van genade - Francois P Viljoen (Red)

Prys: R180-00

Sagteband, 174 bladsye

Bestellings: Petro: bestellings@gksa.co.za

'n JAAR VAN GENADE is bedoel as hulpmiddel vir predikante, kerkrade en lidmate om die groot heilsfeite van ons geloof verantwoordelik en planmatig te vier. Geestelike gebeurtenisse word binne die kringloop van 'n kalenderjaar herdenk.



PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK


Vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk

Corrie Botha 083 429 4824



Gedagte vir die week: Efesiërs 2:8

Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale” [Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 8

Sondag, 3 Maart 2013

Nommer 8

PREKE VANDAG

Oggenddiens

Tema: God is geduldig, veral met ons

Baie gelowiges het al met hierdie vraag geworstel: Hoekom straf God nie die sonde van die goddeloses nie? Hoekom gebeur dit dat hardwerkende gelowiges dikwels swaar moet kry, terwyl dit lyk asof dit met die wat nie glo nie, die wat die Here openlik verwerp, net goed gaan?

Ontmoetingsdiens

Die votum en seën
Ons loof God: **Psalm 148:1,2 & 5 (713)**

Verootmoediging- en versoeningsdiens

Ons bely ons geloof
Ons luister na die wet van die Here
Ons antwoord op die wet:
SB 9-3:1 & 2
Ons bid saam
Ons sing saam: Psalm 65:1 & 2 (318)

Woorddiens

Die Here praat: **Psalm 73**
Teksters: **Romeine 9:20-24**
Preek

**Antwoorddiens:
Psalm 118:1 & 2 (575)**

Die Here seën ons.



Ds. André de Jager

Aanddiens:

Lees: **Markus 2:1-12**
Teksters: **Markus 2:4**
Heidelbergse Kategismus – Sondag 7, Vraag 21

Tema: Vriende in die geloof doen meer as net die minimum

Ons kom na die erediens om die Here te loof - omdat ons nie anders kan nie, want Hy is die Here, omdat Hy soveel genade aan ons bewys en ook omdat die Here ons verlos het om Hom te loof en te prys.
Psalm 89:1 & 2 (444)
Psalm 2:6 (7)
Psalm 66:1 & 7 (320)

2. SIMBAAL Sondag, 3 Maart 2013

TYDENS EREDIENSTE – Sondag, 3 Maart 2013			
Oggenddiens 09:30		Aanddiens 18:00	
Psalm/ Skrifberyming	Bl.	Psalm/ Skrifberyming	Bl.
1. Psalm 148:1,2 & 5	713	Psalm 89:1 & 2	444
2. SB 9-3:1 & 2		Psalm 2:6	7
3. Psalm 65:1 & 2	318	Psalm 66:1 & 7	320
4. Psalm 118:1 & 2	575		

KOLLEKTES			
DATUM	WYKE	BY DIAKENS	SAKKIES BY DEURE
3 Maart	Wyk 1(O) & Wyk 2(A)	Barmhartigheid	Kerklike Tydskrifte
GEMEENTEPROGRAM: Sondag, 3 Mrt - Saterdag, 9 Maart 2013			
Sondag, 3 Maart	Oggenddiens		09:30
Sondag, 3 Maart	Aanddiens		18:00
Sondag, 3 Maart	Katkisasie		Direk na kerk
TEESKINKBEURTE			
Sondag, 3 Maart 2013		Wyk 3 en Wyk 4	
Sondag, 10 Maart 2013		Wyk 5 en Wyk 6	

BYBELSTUDIE

SONDAG, 3 Maart 2013: 19:00 – konsistorie. (*Hebreërs*)

Manne Bybelstudie. DINSDAG, 5 Maart 2013:6:00 &10:00 &19:00 - konsistorie

WOENSDAG, 6 Maart 2013: 10:00 - konsistorie. (*Lukas*).

LIEF EN LEED

- **Br Gerrit Jansen van Ryssen en sy moeder** het gister in Pretoria nek operasies ondergaan. Die operasies het goed afgeloop. Ons wens hulle (en ook **Sr Isebel**) 'n voorspoedige herstel toe.
Wyk 12. Tel: 083 675 6118

3. SIMBAAL Sondag, 3 Maart 2013

BEROEPE: GEREFORMEERDE KERKE

BEROEPE AANVAAR Ds RP Buys van Nelspruit na Delmas	BEROEPE BEDANK Ds R Jansen van Vuuren van Hendrina/Carolina-kombinasie na Krugersdorp-Wes/Magaliesburg-kombinasie.
--	--

BEVESTIGING
Ds JJ (Koos) Cloete, (Die eerste predikant van Klerksdorp Noord gemeente) is op Sondag, 24 Februarie 2013 by die Gereformeerde Kerk Hermanus bevestig as bedienaar van die Woord. Ons bid hom die seën van die Here toe op sy bediening daar. Sy kontakbesonderhede is nou as volg:
Huis Tel: 028 314 0228
Selfoon: 082 736 0161
E-posadres: ubicras@telkomsa.net
Woonadres: 8ste Straat 203, Voëlklip
Posadres: Posbus 1962, Hermanus, 7200

VERJAARSDAE

Sondag, 3 Maart 2013 – Saterdag, 9 Maart 2013			
3 Mrt	Nic Lemmer	Wyk 1	018 468 1334/ 083 571 5767
4 Mrt	Cobus Booysen	Wyk 12	018 468 1696/082 446 1211
8 Mrt	Paul Evert	Wyk 2	083 236 7992
8 Mrt	Hennie Fourie	Wyk 17	082 920 8467
9 Mrt	Anna Jansen	Wyk 5	018 468 6175
Al die lidmate wat hierdie week verjaar word 'n voorspoedige en geseënde nuwe lewensjaar toegewens. Mag die Here julle ryklik seën.			

WORS PROJEK

Die lidmate wat by Br Piet Kruger bestellings vir wors geplaas het kan dit op Saterdag, 9 Maart 2013, tussen 9:00 en 10:00 kom afhaal by die kerksaal.